16.11 RAPPORT 6: DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – LESSENAAR ANGOLA EN MOSAMBIEK (Artt 51, 65)

A. Ds HS Coetzee lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT
Deputaat verantwoordelik vir die lessenaar: Ds MA Modise.

1. Gereformeerde Kerke in Angola en Mosambiek
Vir kennisname
1.1 *Opdrag*
"Die Deputate Ekumenisiteit Buitelands kry opdrag om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en gemeenskaplike belang kragtens KO, art 49." "Die uiteindelike eenheid van Gereformeerde Kerke moet as ons dringendste en belangrikste ekumeniese roeping gesien word" (vgl Acta, 2009:162).
1.2 *Uitvoering van opdrag*
Kontak is gemaak met Ds Manasse, hoof van Hebsiba Theological School en sendingdeputaat van die Reformed Church of Mosambiek asook met Ds Besitata. Dit is duidelik dat daar via hierdie kontak met ander Gereformeerde Kerke in sowel Mosambiek as Angola gemaak kan word.
Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.
Vir besluitneming
1.3 *Aanbeveling*
In die lig van die nabyheid van die lande aan Suid-Afrika, vorige kontakte en sendingwerk wat daar plaasvind, kontak met kerke in Angola en Mosambiek gemaak word.
Besluit: Goedgekeur.

D. AANVULLENDE RAPPORT
Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: Dr WC Opperman.

1. Igreja Presbitériana de Angola (IPB Angola)
Ekumeniese kontak
Vir kennisname
1.1 *Opdrag*
Deputate Ekumenisiteit Buitelands kry opdrag om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en gemeenskaplike belang kragtens KO, art 49 (Acta 1997:176, 3.1.1).
1.2 *Uitvoering van opdrag*
Dr WC Opperman is deur die Deputate Ekumeniese Sake versoek om namens hulle 'n afvaardiging van die Igreja Presbitériana de Angola (IPB Angola) in Luanda te ontmoet. Die skriftelike versoek tot die skakeling het van die IPB gekom, nadat 'n lid van hulle kerk dr DG Breed tydens 'n Sinode van die IPB Brasilië ontmoet het (Bylae A). Die doel van die uitnodiging word saamgevat met: *"To visit us in this year (2014) in order to better understand the Presbyterian Church of Angola in order to establish a working partnership"*.
Die besoek het op 23 Oktober 2014 te Luanda, Angola, plaasgevind.
1.2.1 Die Igreja Presbiteriana De Angola
Belydenisgrondslag: Erkenning van die Skrifgesag, Westminster Geloofsbelydenis.

Kerkregering: Presbiteriaans. Die Deputaat het nie genoegsame tyd gehad om op die besonderhede daarvan in te gaan nie.
Liturgie: Bediening van die Woord staan sentraal. Sakramente van die doop van verbondskinders of bekeerlinge en die Nagmaal word onderhou.
Ekumeniese betrekkinge: Die IPB Angola het noue skakeling met die IPB Brasilië, waar sommige van hulle predikante opgelei word. Hulle is ook lid van die Evangeliese Alliansie van Angola. Hulle speel 'n leidende rol in die alliansie.
Geskiedenis: Die IPB is in Junie 1984 afgestig van 'n Evangelies Gereformeerde Kerk in Angola weens hulle leerdwaling. Die kerk het tans 'n lidmatetal van bykans 23 000 (doop en belydend).
Teologiese opleiding is vir hulle 'n belangrike saak. Daar is reeds 'n gebou in Luanda opgerig, waar opleiding in die toekoms kan plaasvind. Kerkplanting en evangelisasie staan sentraal in hulle bediening, wat hulle 'n groeiende kerkverband maak (Bylae B).
Algemene bevinding: Dit is 'n kerkverband wat erns maak met die Skrif en Belydenis, goed georganiseer is, groeiend is deur kerkplanting, konkrete behoeftes het om hulle roeping in Angola te kan uitleef waarin die GKSA moontlik van groot hulp kan wees.

1.2.2 Versoek na die ontmoeting

'n Skriftelike dokument is na die ontmoeting aan die Deputaat oorhandig, waarin die volgende sake as moontlike velde van ekumeniese skakeling aangedui word (Bylae C):

1.2.2.1 Kerkplanting: fondse word benodig.

1.2.2.2 Opleiding: Teologiese- en onderwysopleiding, asook opleiding in Engels. Moontlikheid om studente na ons inrigtings (soos die NWU) te stuur.

1.2.2.3 Sosiale gebied: oprigting van twee huise vir sendelinge (dosente), landboukundige, opleiding van vroue in handvaardighede, MIV-Vigs projekte, geletterdheidsprojekte, oprigting van kerkgeboue in die platteland.

1.2.2.4 As prioriteite word die volgende uitgelig:

1.2.2.4.1 Kerkplanting.

1.2.2.4.2 Behoefte aan twee Engels onderwysers.

1.2.2.4.3 Oprigting van twee huise vir sendelinge.

1.2.2.4.4 Teologiese opleiding.

1.2.2.4.5 Hulp in die program om MIV-Vigs en ongeletterdheid te bekamp**.**

Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.2.4.5 kennis geneem.

Vir besluitneming

1.3 *Aanbevelings*

1.3.1 Ekumeniese bande word met die IPB Angola gesluit. (Motivering: Skrifbeskouing, Gereformeerde Belydenisgrondslag, bestaande ekumeniese kontak met die IPB Brasilië.)

1.3.2 Die ontmoeting opgevolg word en besin word oor watter terreine van samewerking uit 1.2.2 hierbo ontgin kan word.

Besluit: Punte 1.3.1 en 1.3.2 goedgekeur.